# Klein Lochieland

## Nuusbrief Graad R en RR

*Lourensrivierweg / Posbus 124*
*STRAND*
*Tel: 021-8548592*
*E-pos:*
*adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za*

2024-02-02

Liewe Ouers

**OUERKOMITEE**
Baie geluk aan die ouers wat Dinsdag- en Woensdagaand by die oueraande tot die Ouerkomitee verkies is. Ons sal volgende week, ná die eerste Ouerkomiteevergadering, die name met hul onderskeie portefeuljes bekend maak.

**D6 KOMMUNIKASIE**

- *FINANSIES*: Die administratiewe personeel is druk besig met die D6 Finansies en familiekodes kan reeds deurgegee word. Kontak vir Tania Clark by info@lochnerhof.co.za
  Alle ouers moet reeds teen Maandag, 5 Februarie, twee paaiemente vir hul kleuters betaal het. Moet asb. nie agter raak nie en kontak asb. die finansiële sekretaresse by finansies@lochnerhof.co.za indien u probleme ervaar.
  Alle betalings van skoolgelde moet asb. die familiekode wat aan u toegewys is vergesel, bv. 01234 – Van en Naam van kind
- *KOMMUNIKASIE:* Die nuusbrief word slegs op die D6 gelaai. Dit is ons amptelike kommunikasie-middel met ons ouers.

**TOELATINGS 2025**
Aansoek om toelating vir gr. RR vir 2025 is oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.
Die aansoeke by die WKOD vir gr. R open op 1 Augustus 2024.

**KOPLUISE**
Daar is gelukkig nog nie gevalle van kopluise aangemeld nie. Onthou egter om asb. u kleuters se hare gereeld deur te gaan. Die kleuters het noue kontak met mekaar op die mat en kopluise is geweldig aansteeklik.
Let Wel: Geen kleuter mag skool toe gestuur word voordat hulle hare heeltemal luis- en neetvry is nie.

**WASLAP/T-HEMP/VOORSKOOT**
Waslappe en voorskote bly by die skool en is reeds deur die onderwyseresse gemerk. **Onthou asb. om u kleuter se skoolhempie duidelik te merk.**

Daar is ekstra skoolhempies beskikbaar teen R120-00 per hempie. Ons het nog bestel.

**PADPATROLLIE**
Stuur die **ouerbetrokkenheidsvorms** op die laatste Maandag terug skool toe, asb. BAIE, BAIE dankie aan die ouers wat reeds aangedui het hulle sal help met die padpatrollie!! Hoe meer mense help, hoe minder beurte gaan u kry. Dit is in belang van ons kleuters se veiligheid.

**SPRAAK- en ARBEIDSTERAPIE SIFTINGS**
Vorms vir spraak- en arbeidsterapiesiftings is by die oueraande uitgegee en verduidelik. **Ons beveel dit ten sterkste vir alle kinders aan.** Dit gee ouers die gemoedsrus dat hulle kinders geen uitvalle het nie. Kostes hieraan verbonde is minimaal en die aanbod word nie weer herhaal nie. Stuur asb. so spoedig moontlik die vorms terug skool toe indien u belangstel of kontak u onderwyseres indien u twyfel.

**SONBLOK/HOEDE**
Onthou asb om kleuters in te smeer voor hul skool toe kom. Personeel kan ongelukkig nie hierdie taak ook behartig nie; dit neem te veel van die onderrigtyd in beslag. Moedig asb. u kleuters aan om hoede te dra. Hier is ‘n hele paar gesiggies wat reeds baie in die son gebrand het.

## BELANGRIKE DATUMS:

| | |
|---|---|
| **9 FEBRUARIE** | **GRAAR R AANTREKDAG** |
| **16 FEBRUARIE** | **INSTAPPIE GRAAD R EN RR (Koste: R40-00 per kleuter)** |
| ***22 FEBRUARIE*** | ***GRAAD RR FOTODAG*** |
| **23 FEBRUARIE** | **GRAAD R FOTODAG** |
| ***23 FEBRUARIE*** | ***GRAAD RR INSTAPPIE (Koste: R40-00 per kleuter)*** |
| | |
| **5 MAART** | **GRAAD R UITSTAPPIE (Koste: R70-00 per kleuter; ouervervoer)** |
| **7 MAART** | **GRAAD R UITSTAPPIE (Koste: R70-00 per kleuter; ouervervoer)** |
| **8 MAART** | **KLEIN LOCHIELAND GHOLFDAG** |
| ***13 MAART*** | ***GRAAD RR AANTREKDAG*** |
| ***14 MAART*** | ***GRAAD RR OUMA en OUPADAG*** |
| **20 MAART** | **SKOOL SLUIT** |

## GRAAD R-INLIGTING:

**SKOOLSPORT VIR GRAAD R**

| | |
|---|---|
| Netbal: | Onthou om tekkies in te pak |
| Tennis: | Bring jou eie rakket (daar is slegs ‘n paar ekstra’s); balle word verskaf<br>Onthou om tekkies in te pak |
| Hokkie: | Bring jou eie hokkiestok (daar is slegs ‘n paar ekstra’s); balle word verskaf<br>Onthou om tekkies in te pak |
| Krieket: | Toerusting word verskaf |
| Rugby: | Balle word verskaf |

By netbal, tennis en hokkie moet die kinders tekkies aanhê. Hulle gaan nie op die bane toegelaat word met kaalvoete nie.

**VRYDAG 9 FEBRUARIE: AANTREKDAG!**

Om by ons tema van die week aan te pas, gaan ons Vrydag, 9 Februarie, ‘n aantrekdag hê: Kleuters moet aantrek soos ma, pa, ouma of oupa. Hulle geniet dit baie en ons is altyd verstom oor die ouers se kreatiwiteit!

| | | |
|---|---|---|
| Ons tema vir volgende week is: | | **MY FAMILIE** |
| Ons persepsies is: | Kleur: | **Geel** |
| | Getal: | **1 en een** |
| | Klank: | **a-klankie** |
| Assesserings: | | **Herken eie naam**<br>**Rygwerk** |
| Maandag | 5 Februarie: | ***Stuur asb. ‘n foto van u gesin. Ons sal dit weer na die week terug stuur.***<br><br>***Stuur ouerbetrokkenheidsvorms skool toe, asb.***<br><br>***Bring prentjies wat met ‘n a-klankie begin, bv. appel, akker, ens.*** |
| Dinsdag | 6 Februarie: | *Bring klein boksies skool toe asb.* Ons gaan ‘n huisie bou<br>***Candice, ons skoonmaker, verjaar. Baie geluk!***<br><br>***OUERKOMITEEVERGADERING vir die nuut verkose lede om 18:30 in Klein Lochieland se musiekkamer*** |
| Woensdag | 7 Februarie: | Trek asb. ‘n **geel** hemp, broek of rokkie aan om geel vas te lê |
| Donderdag | 8 Februarie: | Ons teken ons familie |
| Vrydag | 9 Februarie: | ***Aantrekdag! Trek soos pa, ma, ouma of oupa aan***<br>***Lekkertjiedag (slegs Vrydae)*** |

# GRAAD RR-INLIGTING:

Ons tema vir volgende week is: **MY LIGGAAM**

| | | |
|---|---|---|
| Ons persepsies is: | Kleur: | **Groen** |
| | Vorm: | **Vierkant** |
| | Getal: | **1** |
| | Klank: | **b-klankie** |

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | 5 Februarie: | Ons maak ‘n handafdruk<br>***Stuur ouerbetrokkenheidsvorms skool toe, asb.*** |
| Dinsdag | 6 Februarie: | Ons maak ‘n mannetjie<br>***Candice, ons skoonmaker, verjaar. Baie geluk!***<br><br>***OUERKOMITEEVERGADERING vir die nuut verkose lede om 18:30 in Klein Lochieland se musiekkamer*** |
| Woensdag | 7 Februarie: | Trek asb. iets ***groen*** aan om die kleur groen vas te lê |
| Donderdag | 8 Februarie: | Pak asb. ‘n ***vierkantbroodjie*** vir u kind in om die vierkant vas te lê |
| Vrydag | 9 Februarie: | Bak-en-Brou: ‘n Gesiggie<br><br>***Lekkertjiedag (slegs Vrydae)***<br><br>***Onthou om skoolhempie aan te trek.*** |

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel